

DIE DIENS VAN DIE GELOWIGE IN DIE LUKAS-GESKRIFTE

Pieter de Villiers

"As julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan net: 'Ons is maar slawe wat niks verdien nie. Ons het net gedoen wat ons verplig was om te doen'" Ik 17:10.

1 DIE KONKRETE VERGESTALTING VAN DIE DIENSMOTIEF IN DIE EVANGELIES.

Die afgelope paar jaar het die Nuwe Testamentiese wetenskap meer aandag geskenk aan die historiese karakter van die Nuwe Testament. So skryf Du Toit bv onlangs na aanleiding van 1 Kor 15:3vv en 11:23vv dat die vroeë kerk beslis 'n mondelinge tradisie gehad het wat as normatief gegeld het. Hoewel hierdie tradisie 'n gelyke gestalte gehad het, het dit "speelruimte vir 'n aansienlike mate van diversifikasie gelaat" (Du Toit, 1977:124). Wat hierdie "plooibaarheid", soos hy dit ook noem, konkreet beteken, verduidelik hy met verwysing na die nagmaaltradisies in die Evangelies: Matteus en Markus bied hulle weergawe van die Nagmaal aan in aansluiting by Eksodus 24:8, terwyl Paulus en Lukas se verwante tradisie op die nuwe verbond van Jeremia 31:31 fokus. Lukas spits die betekenis van Jesus se *dood* persoonlik op die nagmaalgangers toe (Jesus het "vir julle" gesterf - Ik 22:19-20), terwyl Markus en Matteus skryf dat Jesus se *bloed* vir baie uitgegiet is. Daarmee sluit hulle aan by die plaasbekledingsmotief van Jes 53. Du Toit beklemtoon dat hierdie diversifikasie in die Evangelies nie wegneem dat daar "'n basiese deurlopende tradisie is" nie, "waarvan die normatiwiteit nie deur die variasie opgehef word nie" (Du Toit, 1977 125-126). Hy wil gevolglik praat van "'n pluriforme tradisie" wat nietemin binne die een legitieme bedding gevloei het en wat onderskei moet word van alle nuwe-strominge wat nie op normatiwiteit aanspraak kon maak nie" (Du Toit, 1977, 126).

Wat geld vir die Nuwe Testament in die algemeen, geld ook vir die diensmotief in die besonder. Die uitsprake van Jesus oor sy diens, asook oor die diens van sy apostels en volgelinge is deur die Evangeliste as 'n diens aan 'n spesifieke gemeente oorgelewer so dat dit die gemeente in hul eie dienswerk tot inspirasie en lig kon dien. 'n Meer resente uitspraak van Du Toit in 'n ander verband kan hier as voorbeeld verhelderend werk: Die Markusevangelie is Christusverkondiging binne 'n spesifieke situasie. "Dit is 'n saaklik en teologies weldeurdagte literêre skepping, 'n outonome Jesusvertelling, wat sy voorgegewe materiaal in 'n eie geheelvisie met sy eie, tipiese Christusverkondiging, wat met *die omstandighede, die behoeftes en die verwysingsraamwerk* van 'n bepaalde deel van die destydse kerk rekening hou, opgeneem het" (Du Toit 1980, 25, sekondêre kursivering).

Wanneer dus gesê word dat die boodskap van die Evangeliste gerig is op hulle gemeente se diens in 'n spesifieke situasie, hou dit in dat die diensmotief uitgewerk is op 'n noukeurige, toepaslike en indringende wyse. Jesus verkondig nie sonder meer 'n universele wettiese gedragskode wat vir alle situasies op dieselfde wyse geld nie en die Evangeliste herhaal nie net eenvoudig meganies wat Jesus asdiens in sy situasie beskou het nie. Die Nuwe Testament, intendeel, reflekteer 'n proses waarvolgens individuele of groepe gelowiges onder die leiding van die Heilige Gees in 'n spesifieke situasie met die Jesusboodskap hul probleme aangepak het. C F D Moule het in die verband gepraat van die "inspired insight" wat geskenk is aan groepe Christene. Volgens hom is dit duidelik dat "the most characteristic Christian way of guidance was in the kind of setting indicated in 1 Cor xiv, where the Christians assemble, each with a psalm or a teaching or a revelation or an ecstatic burst of ejaculation: and the congregation exercises *discernment*. That is how Christian ethical decisions were reached: informed discussion, prophetic insight, ecstatic fire - all in the context of the worshipping, and also discriminating, assembly met with the good news in Jesus Christ behind them, the Spirit among them, and before them the expectation of being led forward into the will of God" (Moule 1966, 212, sekondêre kursivering). Moule se konklusie: "... only along similar lines, translated into terms of our present circumstances, can we hope for an informed Christian ethic for the present day". Behalwe dat dit interessant is uit by opmerking hoe diakonia en leitourgia in noue samehang met mekaar voorkom, asook die feit dat diensbetoning as gehoorsaamheid aan Jesus se opdrag daartoe 'n verantwoordelikheid tot intensiewe besinning met mekaar behels, is hierdie opmerkinge van Moule belangrik omdat dit wys hoe duidelik diensbetoning 'n *konkrete* karakter vertoon: diens in die bybelse sin van die woord is nie 'n karakters trek of goeie deug van 'n gelowige persoon nie. Dit is 'n konkrete daad. Dit is besig wees in 'n bepaalde situasie. Dit is praktiese gehoorsaamheid aan Christus se opdrag tot diens in die voltrekking van die gebod tot dissipelskap in 'n spesifieke konteks. Die blote feit dat die evangeliste Jesus se boodskap van diens vir hul gemeentes se situasie toepaslik maak, illustreer die konkrete karakter van die Christelike diensmotief.

Dit is duidelik dat wanneer hierdie konkrete verkondiging van diens in die Nuwe Testamentiese geskrifte beklemtoon word, dit die gelowige onder 'n groot verantwoordelikheid plaas: die gelowige se situasie van vandag verskil uiteraard óók soos die Bybelskrywers se lesers se situasies verskil het. Die saak word heelwat meer problematies as in ag geneem word hoedat die wêreld van bv die Grieks-Romeinse beskawing van die moderne tegnologiese samelewing onderskei kan word. Ingrypende verandering het op die gebied van die kuns, politiek, wetenskap, tegnologie, literatuur en ekonomie plaasgevind. Hoe kan die diens wat 'n gelowige medikus bv in sy

praktyk en laboratorium moet lewer op enige wyse belig word van= uit Jesus se prediking oor diens en die Evangeliste se konkrete vergestaltung van hierdie diensmotief? Van Unnik het in hierdie verband nou voorts gevra: word nie met die inagneming van wisse= lende omstandighede die blywende norme van die Bybel verswak of ontken nie? Het die Nuwe Testament se weergawes van hoe 'n mens diens lewer nog enige betekenis, terwyl dit oënskynlik gerig is op 'n klein kring of op die individu, terwyl ons onself vandag in veel groter verbande as die destydse hoorders bevind? Het die Nuwe Testamentiese opdrag tot liefdesdiens nog enige betekenis in die lig van ons ervaring hoe moeilik, selfs onmoontlik dit is om die liefde te konkretiseer in die omgewing buite ons eie groep? (Van Unnik 1970:8).

Voordat hierdie probleme opgelos kan word en om dit op te los, is dit egter nodig as eerste stap, dat die eksegeet weer versigtig moet kyk of daar kenmerkende trekke is in die onderskeie Nuwe Testamentiese uitsprake oor die diensmotief. Die uitsprake in Lukas-Evangelie kan bv moeilik korrek begryp word teen 'n rabbynse agtergrond - dit moet eerder in 'n Hellenistiese konteks gelees word. Eers dan kan in 'n verdere stap agtergekom word wat eie is aan bv Lukas en die Christen-gelowiges se opvatting van diens. Die ontdekking van wat *uniek* aan Christelike dienslewering is, is die uitdaging waarvoor Christene vandag te staan kom. Eers as die Evangeliste se unieke boodskap vasgelê is, kan die Bybel werk= lik sy gesaghebbende posisie inneem by die bepaling van wat diens= lewering vandag behels.

Hier word beoog om by wyse van 'n voorbeeld aan te toon op watter wyse Lukas die diensmotief in Jesus se prediking vir 'n bepaalde gemeente verkondig het en aan hulle in terme van hulle verwysings= raamwerk die unieke van Jesus as die dienende Een en van hul eie dienswerk wou uitlê.

2 DIE GRONDSLAG EN IMPULS VAN GELOWIGE DIENSWERK: JESUS AS WELDOENER.

Wanneer die dienswerk van die gelowige volgens Lukas se evangelie beskryf word, moet dit in samehang met sy Christologiese voorstel= ling bekyk word. Die wyse waarop Lukas nou oor Jesus as die Welddoener dink en skryf is van fundamentele belang vir sy voorstel= ling van die diens van die gelowige - nie net omdat dit eksempla= riese waarde het nie, maar omdat Jesus se dienswerk die gelowige dienswerk moontlik maak. Dit is egter nodig om eers die betekenis van die Welddoener-titel in die Hellenistiese tyd te bespreek.

2.1 Die Welddoener in die Hellenistiese tyd.

Die Griekse historikus-skrywer Herodotos het reeds in die vyfde eeu in sy historiese vertelling verwys na 'n Persiese offisier

Fulakos wat in die lys van die Persiese koning se Weldoeners as beloning vir sy oorlogsdienste vermeld is (Herodotos: *Die Geskiedenis* 8:85). Herodotos vertel vroeër in sy *Geskiedenis* 6:140 die storie van Suloson wat in Egipte (!) was toe hy Darius raakloop. Sonder dat hy weet dat Darius later koning van Persië sou word, staan hy sy helderkleurige kleed aan hom (op Darius se versoek) af. Toe hy later verneem dat Darius koning geword het, reis hy na Susa en by die paleis aangekom eis hy om in "die offisiële lys van die Koning se Weldoeners" opgeneem te word. Dit is maar twee van baie voorbeelde wat in literatuur vanaf die vyfde eeu vC gevind kan word waaruit blyk dat die woord gebruik is as titel wat veral in die Hellenistiese tyd in die openbaar toegeken en algemeen erken is (Bertram 1964:654).

'n Voorbeeld van 'n inskripsie kontemporêr aan die Evangeliste (ongeveer 53 nC) waarin die titel gevind kan word, word deur Deissmann gegee. Daarin word Gaius Stertinius Xenofon die Weldoener aan die inwoners van Kos genoem. Deissmann skryf: "Jesus knew this custom of the 'Gentiles' most probably from Syrian and Phoenician coins which circulated in Palestine, and it is, I think, justifiable to suppose that this common Greek title existed as a borrowed word in Aramaic. The Greek title in the mouth of Jesus is, like His words about the denarius, one of the instances in which we seem to hear in the language of the Master the roar of breakers coming from the world afar off" (Deissmann 1911: 248-249). Afgesien van sekere onaanvaarbare aspekte in hierdie stelling, is dit tog waar dat in die Nuwe Testament veral die Evangelis Lukas bekend was met die titel en figuur van die Weldoener wat so 'n inherente deel van die Hellenistiese beskawing was, soos wat uit sy Evangelie blyk (sien verder 2.4 hieronder).

2.2 Die Weldoener in die Apokriewe en Pseudepigrafiese Geskrifte

In die Joodse buite-Bybelse literatuur is daar onmiskenbare verwysings na die Weldoenerfiguur. As voorbeelde van direkte aanhalings kan op die volgende gewys word. (Die Engelse aanhalings kom konsekwent uit *Charles II*):

2.2.1 Wysheid van Salomo 19:14:

"For whereas certain men received not strangers who came among them, these made slaves of guests who were their *benefactors*". (Geskryf in die eerste eeu nC en was baie gewild onder Christene. Sien Nickelsburg 1981:175-185).

2.2.2 Byvoegings tot 1 Ester 16:2 en 12

2: "The great king Artaxerxes to the rulers of countries in one hundred and twenty-seven satrapies from India to Ethiopia, and to those who are well affected to our government, greeting: Many, the more often they are honoured by the all to great goodwill of their *benefactors*, but, being unable to endure abundance, they

take in hand to devise schemes against their own *benefactors*."

12: "But he, not bearing his proud position took counsel to deprive us of our kingdom, and to deprive of life not only Mardocheus who is at once *our saviour and perpetual benefactor*, but also Esther ...". (Geskryf in die eerste eeu nC. Charles I, 1913: 669).

2.2.3 2 Makkabeërs 4:2:

"He dared to accuse of conspiracy the very man who had proved the *benefactor* of the city, and the guardian of his fellow-countrymen, and a zealot for the laws!" (Geskryf aan die begin van die eerste eeu vC. Nickelsburg 1981: 121).

2.2.4 3 Makkabeërs 3:19 en 6:24:

3:19: "But they show plainly their ill-will towards us, and standing alone among nations in their stiff-necked resistance to kings and their own *benefactors*, they refuse to take anything in a proper spirit."

6:24: "... and me myself, who am your *benefactor*, ye plot to deprive of my dominion and my life". (Geskryf in eerste eeu vC. Nickelsburg 1981:172).

Daar is baie interessante verbindingslyne wat tussen die verskillende boeke waaruit bg aanhalings gemaak is, getrek kan word, soos bv hulle Egiptiese konteks (Ptolemeus, koning van Egipte, dra die naam van Weldoener (Euergetes), Wahl 1972:241) en hul gemeenskaplike ontstaanstydperk. Hulle toon egter dat die titel Weldoener welbekend was in die tydperk voor die Nuwe Testamentiese geskrifte in Joodse geskrifte, waar dit gebruik is as titel vir bekende figure en leiers - ook van die Joodse volk. Die trefkrag van die titel blyk duidelik as dit in die byvoegings tot Ester (16:12) saam met die Verlosser-(Heiland-)titel gebruik word.

2.3 Jesus as Weldoener in die Lukas-geskrifte

Van al die Evangeliste, is dit net Lukas wat in sy werk die Weldoener-titel gebruik. Hoe belangrik die titel vir hom is, blyk daaruit dat sy Christologiese denke nie daarsonder verstaan kan word nie.

In 'n artikel wat in 1981 verskyn het, het Frederick W Danker verder uitgewerk hoe Lukas die model van 'n Weldoener gekombineer het met die Jesajaanse knegfiguur om die betekenis van Jesus se persoon en diens uit te lê (Danker 1981, 39vv). Lukas se werke onthul 'n bekendheid met veral die diepgewortelde kulturele verskynsel in die Grieks-Romeinse wêreld, naamlik die *bedreigde* Weldoener. Daar is volgens hom 'n groot aantal "peristatiese" narratiewe tekste, waarin gevaarlike omstandighede beskryf word

waarin 'n god of belangrike burger deur 'n waagstuk of gevaarlike daad 'n diens aan ander bewys. Hierdie tema wat dikwels in inskripsies gevind word (wat bewys hoe diep dit ingeburger was), is deur digters en redenaars verder gevoer: in hulle werke word verhaal vertel van mense wat bereid was om te sterf en deur hierdie hoogste prys wat hulle betaal, ander te red. Daar is bv die verhaal van Fintias, 'n Putagoreaanse filosoof wat daarvan beskuldig is dat hy die dood van sy koning beplan het. As hy ter dood veroordeel word, versoek hy die koning om 'n dag uitstel voor die voltrekking van die vonnis om sy sake te reël en bied 'n vriend as gyselaar in sy plek aan. Die koning is baie verbaas as sy vriend inwillig om homself ter wille van Fintias aan die doodsgevaar bloot te stel. Oomblikke voor sy vriend in sy plek te reggestel sou word, keer Fintias terug om te sterf. Hiermee onthul die Grieks-Romeinse tekste 'n verdere dimensie van die Welddoener-figuur. Dit is buitengewoon edelmoedig om bereid te wees om gevare te trotseer, maar om bereid te wees om die hoogste prys te betaal is 'n hoogs uitsonderlike teken van "aretē". Met hierdie begrip wou Grieke van alle tye adellike en potensiaal van die hoogste orde uitdruk.

Danker wys daarop dat daar in Lukas nie net woordeliks na die εὐεργέτων verwys word nie (22:25), maar dat die *saak* herhaaldelik by hom voorkom. Dit hang saam met die feit dat die Welddoener-motief in die Grieks-Romeinse wêreld nie net aan 'n spesifieke titel gekoppel is nie. Daar bestaan verskeie name en beskrywings daarvoor. Hy toon bv aan hoedat in Handeling 10:38, wat 'n locus classicus vir Lukas se Christologiese en soteriologiese siening is, die *werkwoord* εὐεργετῶ voorkom: "Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral *goeie werke gedoen* en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was met hom". Oor die vers kommentarieer De Villiers: "... daar is 'n moontlike sinspeling op die naam of titel van Hellenistiese heersers van daardie tyd, wat as "welddoeners" bekend gestaan het, vgl Luk 22:25. Jesus is die Welddoener by uitnemendheid." (De Villiers 1977: 224).

Die funksie van hierdie model is om aan die Grieks-Romeinse luisteraars tuis te bring dat Jesus begryp kan word ook in terme van hulle kulturele opvatting. Nietemin wil Lukas ook terselfdertyd die model deurbreek (Danker 1981: 44). Hy gebruik dit ter wille van die kommunikasie met sy lesers op 'n analoë en transenderende wyse. Enersyds is daar *kontinuiteit*, nl: Wat Jesus as Welddoener veral uitnemend kwalifiseer, is uiteindelik vir Lukas die hoogste prys wat Hy betaal (Hd 10:39). Jesus is vir Lukas dus die belangrikste voorbeeld van die bedreigde Welddoener wat Homself ten volle gee ter wille van die bedreigdes. Maar andersyds beteken dit nie dat Lukas Jesus beskryf op presies dieselfde wyse as die Damon-Fintias legende nie. Hierin

lê die *diskontinuiteit*: Dat Lukas Jesus wil beskryf as Iemand wat 'n totaal unieke posisie met sy dienswerk inneem, blyk uit die uiters noukeurige wyse waarop Hy telkemale na die betrokkenheid van God die Vader as die hoogste Weldoener by die geskiedenis van Jesus verwys. Vroeg in sy werk reeds maak Lukas sy lesers bekend daarmee dat Jesus as bedreigde Weldoener die hoogste prys sal betaal, maar dit sal oorleef deurdat die Vader Hom sal opwek uit die dood: telkemale word hulle in die loop van die verhaal herinner aan die prys wat Jesus sal *moet* betaal. In 9:22 voorspel Jesus vir die eerste keer dat "die Seun van die Mens baie *moet* ly, deur die oudstes, owerpriesters en skrifgeleerdes verwerp word, en Hy *moet* doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word". Van die ander voorbeelde is Lk 18:31-34 waar Jesus weer sy dood en opstanding voorspel, seker die belangrikste: Hierdie tekening van Jesus as Weldoener is verbind met die voorgaande verhaal oor Saggeus wat die grootste guns ontvang wat 'n Weldoener kan bewys, nl die *heil* ("Vandag het daar redding gekom ..."). Dit staan in lyn met die programmatiese beskrywings van die heil wat in 1:69,71,77 en 1:47,2:11 voorkom. Nog meer as wat Danker aantoon: die Saggeus-verhaal is ten sterkste met die diensmotief verbind: hoofstuk 18 vertel bv eers van die Fariseër se trotse spoggerij oor sy diens, oor die ryk jongman wat nie die armes wil dien nie, oor Jesus wat die blinde genees en Saggeus wat die armes wel wil dien. En by elkeen van die verhale gaan dit om die koninkryk van God, mense wie se saak met God reg is, en om die lof van God (18:9 en 14,24,43).

Lukas teken Jesus dus as die Weldoener wat weier om Homself te red en ten spyte van dreigende gevaar lojaal aan ander bly - net soos Fintias en Damon. Tog verskil Lukas se siening van Jesus ook in 'n verdere opsig van die Damon-legende: Jesus se *hele lewe* is 'n gawe van 'n Weldoener-Vader en nie net sy dood alleen is die enigste oomblik waarin die waarde van sy bestaan na vore kom nie (Danker 1981:47). Wat Jesus se dood verder uniek maak, is die feit dat die Vader dit gebruik om sy goedgesindheid bekend te maak deur 'n buitengewone teken van genadebetoning. God laat Jesus opstaan uit die dood; Hy is Messias en Here, Hy is die Groot Weldoener, wat ook die bedreigde Een was (Hd 2:36). Daarom is die boodskap van Pinkster dat God as die Hoogste Weldoener vergifnis aan almal skenk (Hd 2:38). Wanneer Lukas in Hd 4:12 verder hierdie woorde neerskryf: "Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie", sal sy Grieks-Romeinse leser dit verstaan as die klimaks van diensbetoning. Wat God deur Jesus gedoen het, kan nie oortref word nie. Nog nooit in die geskiedenis was en sal daar so 'n Weldoener wees nie (Danker 1981:47).

3 DIE DIENS VAN DIE GELOWIGE VOLGENS DIE VELDREDE

Die gebod tot vyandsliefde is deur vroeë gelowiges en hul omringende wêreld as die kenmerkende trek van die Christendom beskou. Hierdie gebod kom voor in die Evangelies by Lukas en Matteus in hul Veldrede (Lk 6:17vv) en Bergrede (Mt 5:1vv) onderskeidelik. Wanneer hierdie gedeeltes ondersoek word, is daar belangrike perspektiewe vir diensbetoning deur gelowiges te vind, veral soos dit by Lukas aangebied word.

3.1 Die verhouding van Lk 6:27-36 tot die voorafgaande afdeling (6:20-26)

Die begin van die nuwe gedeelte in Lk 6:27 gee met sy inleidende gebod tot vyandsliefde nie net die tema van die volgende gedeelte aan nie, maar lei 'n nuwe aspek van die veldrede in. Marshall skryf ten onregte oor die verhouding van die voorafgaande afdeling tot die nuwe afdeling: "There is no direct link in thought between vs 24-26 and 27ff. One can, however, see a possible catchword link with the beatitudes by means of $\mu\iota\sigma\epsilon\omega$ (v 22) ..." (Marshall 1978:259). Tog is die ooreenkomste van 6:27-36 met die voorafgaande afdeling in 6:20-26 as geheel opvallend en verhelderend: afgesien van die feit dat die twee afdelings albei fyn gestruktureer is en in hul opbou ooreenkomste toon, is daar 'n duidelike gedagteontplooiing.

Daar is vier saligsprekinge in 6:20-22: die eerste drie bestaan reëlmatig uit twee parallelle antitetiese gedeeltes en handel oor dié wat arm is, honger het, en huil. Die vierde saligspreking oor dié wat hulle haat, word deur die verdere opmerkings uitgebrei: die mense wat hulle haat is dié wat hulle verstoot, uitskel en hulle naam vermy. Let op die akkusatiiewe $\acute{\upsilon}\mu\iota\varsigma$ wat twee maal in 22 voorkom saam met $\tau\omicron \delta\upsilon\omicron\mu\alpha \acute{\upsilon}\mu\iota\nu$. Let op dat iets soortgelyks in die eerste drie saligsprekinge ontbreek. Teenoor die gelukkiges staan dus die "vyande" wat hulle aktief haat, verstoot en vermy. Hierna volg daar vier weëroepe wat in dieselfde volgorde, maar op antitetiese wyse, die onheil beskryf van die nie-armes, die nie-hongeriges, die nie-laggendes en die vreemde vierde waar skuwing wat soos die vierde saligspreking nie 'n tweereël-vorm het nie. Die vorm van die gedeelte is dus as volg:

A SALIGSPREKINGE:

B WEËROEPE:

- | | | |
|-----------------------------|---|-----------------------------------|
| 1 a Julie is arm | - | 1 a Julie is ryk |
| b Julie besit die koninkryk | - | b Julie het julle lekker lewe weg |
| 2 a Julie is honger | - | 2 a Julie eet julle vol |
| b Julie sal versadig word | - | b Julie sal honger ly |
| 3 a Julie treur | - | 3 a Julie lag |
| b Julie sal lag | - | b Julie sal treur en huil |

Die twee onderdele van die eerste deel staan nie los van mekaar nie. In die eerste onderdeel word die opdrag eers gegee en dan die optrede van die teenstanders beskryf. In die tweede onderdeel word dit omgekeer: die optrede word eers bespreek en dan volg die bevel aan die gelowiges. Die doelbewuste chiastiese strukturering verleen aan hulle koherensie.

Lukas se boodskap met die eerste twee onderdele is dat gelowiges hul vyande moet liefhê deur *sowel geestelik as materieel* met positiewe diensbetoning op hul vyandige optrede te reageer. Dat dit 'n praktiese en konkrete boodskap is, blyk uit sy slotopmerking by die eerste deel: wat hulle wil hê mense vir hulle moet *doen*, moet hulle aan die mense *doen*. Hierdie opmerking sluit aan by die eerste bevel na sy inleidende algemene gebod tot vyandsliefde, nl om *goed te doen* aan die wat hulle haat. Dit vorm 'n ringskomposisie en knoop die slot van die deel formeel aan die begin daarvan. Daarmee word die hele eerste deel konkreet en prakties gekleur. Dit gaan hier om dienslewering in die eintlike sin van die woord as reaksie op die implikasies van dissipelskap.*

Die tweede deel bestaan uit twee onderdele wat in drie dele gestruktureer is:

Eerste onderdeel:

Die gelykvormige vrae en antwoorde word gegee oor die liefde vir die vyand, goeie daade en leen van geld. Let op die struktuur:

Vraag: dit word ingelei deur 'n voorwaarde-sin en beëindig met ποῦα ὑμῶν χάρις ἐστίν;

Antwoord: ingelei deur καὶ ἀμαρτωλοῖ

Tweede onderdeel:

In dieselfde volgorde word nou weer 'n bevel gegee om die vyande lief te hê, goed te doen en uit te leen sonder om 'n teenpres tasie te ver wag.

In albei onderdele staan die goed doen in die middel van die drie elemente en word deur hierdie omraming beklemtoon.

Die tweede deel motiveer Jesus se opdrag tot vyandsliefde: Wanneer gelowiges positief teenoor *vyande* optree, onderskei hulle hulself van die nie-gelowige mens. *Praktiese omvattende diensbetoning aan die vyand is vir Lukas die kenmerk van 'n gelowige se lewe en onderskei hom van die nie-gelowige.*

In die slotdeel bereik Lukas se argument 'n hoogtepunt: Gelowiges wat so optree, se loon sal (ἐσται) groot wees. Hy het in verse 22-23 ook melding gemaak van beloning. Dit was by die kern van die saligsprekinge en was vir die mense wat vervolg is

ter wille van die Menseseun. Hierdie opmerking "onderstreep" dus as 't ware sy kernargument. Getrouheid aan die Menseseun en praktiese diensbetoning word daarmee deur Lukas op een vlak geplaas.

Maar dit toon ook hulle kindskap van God: 'n dienende kind = flekteer die Vader se goedheid oor die nie-goeies en slegtes. Lukas sluit die hele gedeelte egter nie met 'n beklemtoning van die loongedagte af nie: hy wys dit juis af wanneer hy sê dat hulle nie uitleen om weer terug te kry nie. Hy fundeer eerder sy bevel met 'n verwysing na die karakter van die Vader: hulle moet barmhartig wees, soos God barmhartig is. God se weldoen = ende barmhartigheid funksioneer hier as model (vgl die duidelike καὶ ὅς in vers 36) vir die vyandsliefde. Opvallend is hoedat die medemenslike verhoudinge beskryf word in die lig van die weldoenersgedagte.

4 DIE GEBOD TOT VYANDSLIEFDE IN MATTEUS

Elkeen wat Mt en Lk se weergawes van die gebod tot vyandsliefde lees, sal onmiddellik onder die indruk kom van die uiteenlopende wyse waarop hierdie gebod deur die twee skrywers weergegee word. Elkeen probeer om dit vir hul lesers te verduidelik teen die verwysingsraamwerk van hul denke. Terwyl Lukas verwys na die barmhartigheid van die Vader en hul plig tot barmhartigheid, sluit Matteus sy gedeelte af met die opdrag om volmaak te wees soos die hemelse Vader volmaak is. Daar is origens in Matteus in hierdie parallelle gedeelte nêrens enige sprake van goed doen nie. Dit word des te meer opvallend in die lig van die sentrale plek wat dit inneem by Lukas se weergawe. Hoe konsekwent Lukas sy boodskap uitbou rondom die motief van dienslewing sonder om 'n teenprestasie te verwag, blyk uit sy gelykenis van die maaltyd in Lk 14:12vv. Daar skryf hy die volgende woorde van Jesus neer: "As jy in die middag of in die aand 'n maaltyd gee, moet dan nie jou vriende of broers of familie of ryk boere uitnoodi sodat hulle jou waarkynlik ook weer uitnoodi en jou op die manier vergoed nie." Dit is 'n wesenlike kenmerk van die Weldoener-figuur se beskrywing in die Hellenistiese literatuur dat kompensasie vir die weldade in die vorm van 'n teenprestasie verwag word: die verhaal van Herodotos oor Suloson, waarna hierbo verwys is, word voortgesit met die beskrywing hoe koning Darius reageer op die versoek van Suloson soos deur die hekwag aan hom oorgedra: "For surely", he said, "as I have so recently come to the throne, there cannot be any Greek to whom I am indebted for a service" (De Selincourt 1965:233). Dit was 'n wydverbreide etiese gewoonte in die Grieks-Romeinse wêreld om vriende met iemand te maak met die oog op 'n teenprestasie of om 'n guns te bewys slegs in antwoord op 'n gebaar van toegeneentheid (Van Unnik 1966:298). Dat dit pertinent ten opsigte van die Weldoener-figuur geld, is dus nie verbasend nie.

Lukas se aanwending van die model, asook sy gevoeligheid vir die Hellenistiese opvatting van diensbetoning, toon hoe graag hy die Jesusboodskap vir sy lesers tersaaklik wil maak. Dit beklemtoon ook hoe noodsaaklik dit is om sy boodskap teen die konteks te verstaan. Dit bied terselfdertyd die verklaring vir die uiteenlopende aanbieding van spesifiek die gebod tot vyandsliefde en in die algemeen van die Jesusboodskap by Matteus en Lukas.

5 WELDOENER EN VOLGELINGE : GEMEENSKAPLIKE DIENSBETONING

Lukas se Christologie moet o a begryp word teen die agtergrond van die weldoener-model. In die beskrywing van die gelowige diensbetoning word die invloed van die weldoener-motief ook duidelik. Lukas trek self die analogie tussen die twee sake: soos Jesus Homself gegee het, die hoogste prys betaal het vir ander en daardeur God die Vader as die hoogste Weldoener bekend gestel het, so moet die volgelinge ook wees: barmhartig soos die Vader, in diens van ander op 'n praktiese konkrete wyse. Daardeur onderskei hulle hulself van hul vroeëre etiese praktyk. Hulle be=toon nie meer diens soos hul omgewing dit met die oog op 'n teen=prestasie doen=nie. Dat hierdie selfverloënde diensbetoning nie maar vir Lukas op die vlak van die eksemplariese gemotiveer word nie, word telkemale in sy werke duidelik, maar veral in die diepsinnige Jesuswoord wat hy in 22:24vv weergee. Hierdie ver=haal word deur Lukas onmiddellik na die paasmaaltyd en net voor die verraad plaasvind en die verhoor begin, vertel - wat 'n aan=duiding is van hoe belangrik dit deur hom beskou word. As die dissipels op die stadium twis oor wie die belangrikste is, sê Jesus: "By die nasies speel die konings oor hulle baas, en die wat gesag afdwing, laat hulleself *weldoeners* noem. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Intendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien. Want wie is die belangrikste: die een wat aan tafel is, of die een wat bedien? Tog hy wat aan tafel is, nie waar nie? Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien". Nie net het Matteus (en Markus) die verhaal veel vroeër in hul Evangelies ingewerk nie, maar die verwysing na die weldoe=ner in Lk 22:25 ontbreek by albei die ander Evangeliste! Dat Lukas die gedeelte oor ware diens met die nagmaalverhaal wou ver=bind, blyk uit die noukeurige wyse waarop hy 22:15vv ("Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam met julle te eet (sien vers 18 (drink), voordat Ek ly)") met 22:28-30 verbind (veral 3 : eet en drink - wat ook nie in Mt 19:28 voorkom nie). Die implikasie is duidelik: die nuwe verbond in sy bloed (22:20) maak hulle anders as hul bure: nie selfgeldende weldoeners nie, maar dienende (δουλον - 22:27) weldoeners. Christologie en etiek word hier by die nagmaalstafel in 'n onomkeerbare volgorde aan mekaar gebind. Die dissipels het iets van die uniekheid van Jesus bly begryp, ten spyte van die verraad wat deel van hulle was ("die hand van die man wat My verrai, is saam met myne hier op die tafel, 22:21), daarom dien hulle Hom ("Julle is die mense

in my beproewinge *altyddeur* by my gebly het" 22:28) en is hulle die laaste oomblik, toe dit tyd was, saam met Hom *aan tafel* (22:14). Daarom, so onthul Jesus vir hulle die eskatologiese aspek van diensbetoning, sal hulle in sy koninkryk "aan my *tafel* kan eet en drink en op trone kan sit om oor die twaalf stamme van Israel te regeer" (22:30).

Van Unnik skryf oor Lukas se aanbieding van die gebod tot vyands= liefde: "Er hat die Worte in ein griechisches Gewand gekleidet, aber damit die Substanz von Jesus' Predigt nicht geändert, sondern sie gut übersetzt, für seine griechischen Leser pointierter ausgedrückt, aktualisiert und die Nutzenanwendung dieser Predigt gegeben. Damit hat auch er das Besondere des christlichen Gebots der Feindesliebe in stiller, aber für die antiken Menschen unüberhörbarer Polemik herausgestellt" (Van Unnik 1966:300). Lukas se lesers ontmoet Jesus, hoor die Nasarener se boodskap kristalhelder en voel hoedat dit hulle voor 'n duidelike keuse vir of teen God Self stel.

6 SLOTSOM

Lukas se beskrywing van diensbetoning het die volgende implikasies vir sy lesers.

6.1 Dienslewering is nie 'n vryblywende, vrywillige saak nie.

Selflose barmhartigheidsdiens onderskei gelowige van ongelowige. Dit is noodsaaklik om iemand as Christen te mag beskryf. Sonder hierdie diens is die mens heiden. So belangrik is dit vir hom dat hy Jesus beskryf in terme van die model van die Welddoener. Sy lesers mag geen misverstand hê oor wat Jesus se boodskap behels nie: as Welddoener vra Hy weldadige diens van sy volgelinge. As die sending en optrede van Jesus in die teken van diens staan, *moet* ook die gelowige se lewe daardeur gekenmerk word.

6.2 Dienslewering behels afgesien van geestelike diensbetoning

konkreet en letterlik om die wang te draai, klere af te staan, geld uit te leen sonder teenprestasie. Die gelowige voel dit aan eie lyf. Dit kan selfs die hoogste offer vra (Martin 1981: 229-230). Dit is betrokkenheid by die wêreld: om in gevaarlike omstandighede rowers te trotseer en wonde te self en te verbind (Lk 11:37), hoewel dit terselfdertyd die omkering van die wêreldse maatstawwe van baasspelerige konings en welddoeners ook beteken.

6.3 Diensbetoning is op hierdie aarde 'n ondankebare taak.

Die dienende gelowige soek nie vrug op sy diens nie, hy soek bloot om te dien. Sy diens is eskatologies. Dit is deel van sy hemelse kindskap. Hy is op weg na die hemelse tafel van God. Daarom kan die dienende gelowige nie pessimisties wees nie, hoe=

wel hierdie aspek aan sy diens 'n dringende karakter verleen.

6.4 Diensbetoning is gerig op God, omdat dit deur Hom gedra word. Daarom is dit beskeie, sonder die pretensies van die Fariseër en die wêreldse Weldoeners. Die mens kan soveel weldade verrig omdat hy 'n besondere God het, nie omdat hy so 'n besondere karakter het nie. "So is dit ook met julle. As julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan net: 'Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het net gedoen wat ons verplig was om te doen'" (Lk 17:10 - kom nie by Mt en Mk voor nie!). Dit beteken ten diepste dat diens die "bediening" van Christus is, om mense deur diens uit te bring by "sy tafel".

6.5 Lukas is die vreugde-Evangelis. Hoe kan dit anders? Wie die geheim van diensbetoning ontdek het, het Jesus ontdek. Hy maak diens moontlik en onthul daardeur die diepe sin van die lewe. Om diens te lewer is nie om Jesus se nuwe wettiese voor=skrifte skoorvoetend te gehoorsaam nie. Dit is die spontane gevolg van die nuwe verhouding wat God weldadig in Jesus met sy volgelinge aangeknoop het en wat nou in vreugde uitgedra word teen sisteme en mense wat vasgegroeï is in die onvryheid van selfbevoorregting.

LITERATUURLYS

- Bertram G Artikel oor εὐαγγελίω, in G Kittel (red.), *Theological Dictionary of the New Testament* II, Eerdmans, Grand Rapids Michigan 1964
- Charles R H (red.), *The Apocrypha and Pseudepigrapha of the Old Testament in English* I en II, Clarendon Press, Oxford 1913. Aangehaal as Charles I of Charles II
- Danker Frederick W, *The Endangered Benefactor in Luke-Acts, Society of Biblical Literature 1981 Seminar Papers*, Scholars Press, Chico CA 1981
- Deissmann A *Light from the Ancient East*, Hodder and Stoughton, London New York Toronto 1911
- De Selincourt A, *Herodotos: The Histories*, Penguin Books 1965
- De Villiers J L *Die Handelinge van die Apostels* Deel I, N G Kerk-Uitgewers, Kaapstad 1977
- Du Toit A B (red.) *Handleiding by die Nuwe Testament*, Deel I, N G Kerkboekhandel, Pretoria 1977

- Du Toit A B (red.), *Handleiding by die Nuwe Testament*, Deel IV, N G Kerkboekhandel, Pretoria 1980
- Marshall I Howard, *The Gospel of Luke*, A Commentary on the Greek Text, Exeter, Paternoster Press 1978
- Martin R P, Salvation and Discipleship in Luke's Gospel, in J L Mays (ed.), *Interpreting the Gospels*, Fortress Press, Philadelphia 1981
- Moule C F D, *The Birth of the New Testament*, A & C Black, London 1966²
- Nickelsburg George W E, *Jewish Literature Between the Bible and the Mishnah*, A Historical and Literary Introduction, Fortress Press, Philadelphia 1981
- Van Unnik W C, Die Motivierung der Feindesliebe in Lukas VI 32-35, *NT* 8 (1966)
- Van Unnik W C, *Het Nieuwe Testament en de Ethiek*, Kamper Cahiers no 14, J H Kok, Kampen 1970
- Wahl C A, *Clavis Librorum Veteris Testamenti Apocryphorum Philologica*. Akademische Druck - u Verlagsanstalt, Graz 1972

